



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

[testpapers.co.za](http://testpapers.co.za)

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2017**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**PUNTE: 50**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

(25 punte)

AFDELING B: OPSOMMING

(10 punte verwerk na 5)

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

(20 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by AL die vrae noukeurig deur.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
6. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
7. Skryf netjies met blou of swart ink.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS****VRAAG 1: KOERANTBERIG**

Lees en kyk na die onderstaande koerantberig en beantwoord dan die vrae wat daarna volg.

**VERSLAENHEID NÁ VREES EN VLAMME**

Jackie Kruger

- 1 'n Gees van verslaenheid hang oor die Tuinroete – duisende mense is dakloos nadat wegholbrande meer as 160 huise binne 24 uur verwoes het.
- 2 Swart murasies, verkoolde bome en uitgebrande motors staan op plekke in 'n gebied wat strek van Sedgfield tot by Plettenbergbaai.
- 3 Teen gistermiddag was die meeste brande in bedwang, maar nie noodwendig onder beheer nie.
- 4 “Ons is besig om te wen. Alles sal egter afhang van die wind môre,” sê Gerhard Otto, hoof van Eden-rampbestuur.
- 5 Volgens Otto is lugsteun gistermiddag vir 'n uur en 'n half ingespan. Alle gebiede word fyn dopgehou.
- 6 Volgens Otto bemoeilik die wind die situasie. Die koel weer verlig sake darem effens.
- 7 Sowat 145 huise in Knysna is vernietig en sowat 20 by Plettenbergbaai.
- 8 In Knysna het sommige woonbuurte in geheel afgebrand. Die brande het omliggende gebiede in Knysna sonder elektrisiteit gelaat. Waar moontlik word kragopwekkers ingespan. In Sedgfield is die waterwerke buite werking en die soutaanleg word gebruik.
9. Dis nie net huise wat onder brandskade deurgeloopt het nie. In Belvidere is 'n munisipale stoor afgebrand. Verskeie paaie is steeds gesluit, maar die hoofroetes is oop.
- 10 Selfoonverbindings is Woensdagaand onderbreek en is eers weer gister omstreeks 09:00 herstel. Die Knysna-hospitaal is nou oop, maar vier klinieke in die gebied is gesluit.
- 11 In Bitou, wat Plettenbergbaai insluit, was al die gebiede wat Eskom-krag ontvang sonder elektrisiteit.

**“Ek’t nie ’n huis nie; net ’n murasie”**

Eugene Gunning


- 12 Swaar rookwolke het oor die strandmeer gehang terwyl ligte reën by tye uitgesak het. Hier en daar het brande nog gesmeul en nooddienste was steeds hard aan die werk. Plek-plek het uitgebrande motors gestaan.
- 13 By Belvidere het Struan Law op sy plaas Uitsicht tussen die murasies van sy uitgebrande huis gesoek na goed wat nog gebruik kan word. Sy jackrusselhond, Dutamis, wat vermis was sedert die brand uitbreek het, het sy opwagting gemaak.
- 14 Omstreeks 14:00 was hy op pad huis toe, toe hy van die brand hoor. Met sy aankoms was dit net rook en hy kon nie die huis sien nie.
- 15 Law het alles verloor. “Ek het net die klere aan my lyf,” sê hy. Sy vrou is ’n paar jaar gelede oorlede en hy het drie kinders van onderskeidelik vyf, sewe en nege jaar oud.
- 16 Anton du Plessis, wat in die gebied boer, se plaas en huis het heeltemal afgebrand.
- 17 “Ek het nie meer ’n huis nie. Ek het net foto’s van ’n huis. Dis ’n murasie. Daar is niks oor nie. ’n Vriend het vandag gegaan en die kluis en kaggel gaan uitbreek.”
- 18 Volgens hom is dit moeilik om vir mense te verduidelik hoe hy voel.

[Verkort en verwerk uit *Die Burger*, Vrydag, 9 Junie 2017]**VRAE**

- 1.1 Vanaf watter TWEE plekke strek die Tuinroete volgens die berig? (2)
- 1.2 Beskryf in jou eie woorde die atmosfeer van die berig volgens paragraaf 1 en 2. Moenie aanhaal nie. (2)
- 1.3 Verduidelik in jou eie woorde wat beteken: “die meeste brande (was) in bedwang, maar nie noodwendig onder beheer nie.” (2)
- 1.4 Wat, volgens Otto, is die EEN groot faktor wat daartoe kan bydra of die brand onder beheer gebring sal word? (1)
- 1.5 Wat dink jy sal gebeur indien die wind weer sou begin waai het? (1)
- 1.6 Waarna verwys die woord ‘lugsteun’ in paragraaf 5? (1)
- 1.7 Verduidelik hoe jy dink die gevolg van die brande op verskillende aspekte van die alledaagse lewe, plantegroei en diereryk sal hê. (3)

- 1.8 Kies die mees gepaste beskrywing vir die woord “murasie” uit die lys onder. Skryf slegs die nommer en die letter neer.
- A 'n Uitgebrande motor
  - B Verkoolde bome
  - C 'n Uitgebrande gebou
  - D 'n Swart gebou
- (1)
- 1.9 Wat is die naam van Struan Law se plaas? (1)
- 1.10 Wat is die EEN ding wat Anton du Plessis as 'n herinnering van sy huis oor het? (1)
- 1.11 Hoekom dink jy is dit vir die spreker in paragraaf 18 moeilik om aan ander mense te verduidelik hoe hy voel? (2)
- 1.12 Simpatiseer jy met die mense wat volgens die koerantberig skade gely het? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was? (3)

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.



*Figuur 2: Owerheidsinkome volgens inkomtebronne: 2016/17*

Nota: Persentasie bydrae per inkomtebronne is uitgewerk op die subtotaal van staatsinkome van R1 081,3 miljard. Sien Tabel 3 in dié verband.

Bron: Republic of South Africa (2016: 210)

- 1.13. Watter bronne verskaf die meeste inkomste aan die regering? (1)
- 1.14. Hoeveel persent van die land se inkomste word vanaf BTW gekry? (1)
- 1.15. Vanaf watter bronne is die inligting verkry? (1)
- 1.16. Met hoeveel persent verskil die inkomste wat uit brandstofheffing verkry word teenoor die inkomste wat uit aksynsbelasting gekry word? (1)
- 1.17. Wat is die maksimum persentasie, volgens die grafiek, wat die regering uit belasting kan kry? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en maak 'n OPSOMMING van die SEWE wenke hoe 'n mens goeie maniere in die teater kan toon.

- Skryf die SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Die opsomming moet sover moontlik in jou eie woorde wees.
- Die opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
- Skryf aan die einde van jou opsomming die aantal woorde tussen hakies neer.
- Jy sal gepeenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf, of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**DOEN MY 'n GUNS EN BLY BY DIE HUIS: 'N LES IN TEATER-ETIKET**

deur Francisca Heese


- 1 Ek het agtergekom dat daar deesdae mense is wat dink 'n aand in die teater is dieselfde as 'n uitstappie Nuweland toe. Hier is 'n paar wenke vir jou om aan te dink:
- 2 As die deure van die teater toegemaak is, sien jy nie die vertoning nie. Mense wat nie betyds vir 'n produksie kan wees nie, verdien nie om eers die voorportaal van die teater te betree nie. So, moenie laat wees nie.
- 3 Daar is niks wat akteurs so vinnig op hul senuwees maak soos mense wat nie 'n vertoning kan deursit nie. Moet asseblief nie tydens die vertoning opstaan nie.
- 4 Die grootste probleem bly steeds die selfoon. Skakel dit af of bly by die huis as jy 'n dringende oproep verwag – dan pla jy ten minste nie die gehoor en akteurs nie.
- 5 As die teaterligte afgaan, begin die produksie en moet jy stilbly. Vir solank die verhoogligte aan is, moet jy jou mond hou. Niemand stel belang in jou opmerking oor die produksie nie.
- 6 Nog 'n ding wat uiters irriterend is, is as iemand tydens 'n produksie eet of drink. Doen dit voor of na die vertoning. Dis vir niemand lekker as jy in hulle ore kou nie.
- 7 Jy kan applous aan die einde van die produksie gee – wanneer die akteurs buig en die ligte weer aangeskakel is en jy ander mense ook hoor klap.
- 8 Laastens, wees respekvol teenoor die akteurs, gehoor en produksiespan vir die harde werk wat hulle doen. Gebruik dit as 'n geleentheid om jouself te verryk. As jy dit nie kan doen nie, doen my 'n guns en bly by die huis.

**TOTAAL AFDELING B (10 ÷ 2): 5**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



*Tru-Cape se knarsvars appels en pere is altyd soet, sappig en propvol heilzaamheid. Smulgoed sonder skuldgevoelens!*

- 3.1 Wat gebruik die adverteerder om die onmiddellike aandag van die leser te trek? Noem TWEE aspekte. (2 x 1) (2)
- 3.2 Wat is die slagspreuk van die maatskappy? (1)
- 3.3 Wie is die teikengroep van die produk? (1)
- 3.4 Herskryf die titel van die advertensie in Standaardafrikaans. (1)
- 3.5 Hoe oorreed die adverteerder die leser dat die produk goed vir hom/haar is? Haal 'n reël in die advertensie aan. (1)
- [6]**



## VRAAG 4: STROKIESPRENT



4.1 Skryf die sin oor in die indirekte rede:

Meneer sê: "Trap met julle bene asof julle fietsry." (raampie 1) (2)

4.2 **Voltooi die stelling deur slegs die letter neer te skryf:** .

**Neelsie!** (raampie 2) is 'n voorbeeld van 'n ...

- A stelsin.
- B uitroepsin.
- C bevelsin.
- D vraagsin. (1)


4.3 Skryf die sin oor in die ontkennende vorm:

Ek ry afdraend, Meneer. (raampie 3) (1)

4.4 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir "oraait" in raampie 1. (1)

**[5]**

## VRAAG 5: SPOTPRENT



5.1 Verbeter die idiomatiese uitdrukking:

“Elke slagkat kry sy deksel”

(1)

5.2 Skryf die sin oor in die lydende vorm:

~~Die bruid het 'n wit rok aan.~~

(1)

5.3 Gee die verkleinwoord vir slagkat.

(1)

5.4 Gee die korrekte intensiewe vorm vir die woord tussen hakies:

Die bruid het 'n (wit) rok aan.

(1)

5.5 Vul die korrekte byvoeglike naamwoord in:

Kestel het baie slaggate, maar Reitz het die ...

(1)

[5]

**VRAAG 6: PARAGRAAF**

Voer die opdragte in die onderstaande paragraaf uit.

Movember raak al hoe meer **populer** (6.1. Verbeter die spelfout.) Ek sien oral ouens wat so ietsie op hulle bolippe **groei**. (6.2. Gee die korrekte werkwoord.) **Teen die snorre het ek geen beswaar nie. Dit is mos nou vir 'n goeie doel.** (6.3. Verbind die twee sinne met 'n gepaste voegwoord.)

**Die enigste haakplekkie is dat dit rondfoeter met my vermoë om mense op te som.** (6.4. Skryf die sin oor in die verlede tyd.)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL (25 + 5 + 20): 50**









